



Soos 'n wildsbok smag na water

Teken in om 'n skakel na blitspos te ontvang

Nuus, berigte en kort kommentaar (uiters 100 woorde) aan produksie@nhk.co.za

Webblad van die Hervormde Kerk www.nhka.org

Die redaksie aanvaar verantwoordelikheid vir die inhoud. Menings deur skrywers uitgespreek, is egter nie noodwendig die beleid of standpunt van die Hervormde Kerk nie.

Die bekende woorde van Gesang 163 het tydens die ADV Kommissie se besoek van 26 tot 28 Augustus aan Williston opnuut in my ore opgeklank.

In die omgewing van Williston in die Noord-Kaap het dit die afgelope sewe jaar bitter min gereën. Weens die ondergemiddelde reënval is daar nie meer gras in die veld nie en sien 'n mens Gesang 163 se soeke na uitkoms. Wanneer 'n bakkie in die veld in ry, kom die skape aangehardloop in die hoop om voer te kry. Die hartseer van sewe jaar se droogte is dat dit al hoe moeiliker vir die boere word om voer aan die blêrende skape te voorsien. Die ADV het in die lig hiervan 'n vraag van 20 ton voer na Williston geneem.

Die meeste boere is in finansiële nood, met banke wat nie meer kan help nie. Die koöperasie probeer nog om krediet te gee, maar die terugbetaal word 'n onmoontlikheid, want die bietjie inkomste wat nog verdien word met die verkoop van skape, word gebruik om voer vir die ander skape te koop.

Die woorde van *Soos 'n wildsbok* eggo in my kop as ek en diak Andries Pretorius van die ADV by die pastorie van ds Muller Oosthuizen van die NG Kerk instap. *Geloof raak moeilik*, sê hy terwyl hy vir ons koffie maak. Hulle sal aanhou bid en vertrou, want hulle weet die Here is getrou en Hy sal voorsien. Dit is egter waar dat hulle diep moet delf in hul vertroue op die Here om nie moedeloos te raak nie.

Met die woorde van Gesang 163 in ons gedagtes stap ons by 'n privaatskooltjie met tien kinders in en ervaar kinders se geloof. Hulle is klein maar deeglik bewus van die gevolge van die droogte. Hulle is egter vol vertroue dat die reën in die nuwe seisoen gaan kom. By die hoërskool laai ons boeke af en hoor die hoof se uitdaging om elke dag 'n sopkombuis aan die gang te hou vir honger kinders. Wat ons altyd sal onthou, is die trane van 'n laerskoolonderwyser toe ons 'n klomp boeke aflaai en sy vertel hoedat hulle die oggend gebid het vir boeke en hier daag ons op met 'n sleepwaentjie vol boeke, en hul gebede is verhoor.

By die kleuterskool en die bejaardesorgsentrum ervaar ons weer *Soos 'n wildsbok wat smag na water...* Die droogte word verder sigbaar met 'n klomp werkloses wat op die straathoek staan en hoop dat iemand hulle dalk 'n tydelike werkie sal aanbied.

Die boerevereniging deel die voer uit, en die toneel van bakkies wat kilometers ver in 'n tou staan, verwoord iets van die nood. Elke boer kry so 'n bietjie uitkoms, totdat die volgende vragmotor opdaag met nog hulp.

Soos 'n wildsbok smag ons na die hulp van die Here. Ons oë en ons hoop bly gerig op die Here wat hemel en aarde geskape het en getrou bly aan sy beloftes.

Dankie aan die NHKA se Diakonaat wat uitreik na diegene in nood. Gesang 163 het nuwe betekenis gekry.

**Dr Martin J van Rensburg en diak Andries Pretorius
ADV Kommissie**

Lief en leed

- **Die volgende predikante verjaar tot 20 September, en word hartlik geluk gewens:**

- o Vrydag 13 September: Dr CJ (Johann) Beukes (Weltevreden)
- o Saterdag 14 September: Dr HJ (Hennie) Botes (emeritus/Buffelspoort)
- o Sondag 15 September: Ds PDM (Pieter) le Roux (Christiana/Molopo/Vaalharts)
- o Woensdag 18 September: Ds PJ (Peet) Kruger (emeritus)
- o Donderdag 19 September: Di AJ (Attie) Hattingh (Krugersdorp-Noord) en AJ (Kobus) Pienaar (Kruin)

Gemeentes en bediening

- **Bydraes aan die Bybelgenootskap.** Die Bybelgenootskap se finansiële jaar eindig op 31 Oktober. Hiermee net 'n vriendelike versoek aan gemeentes om asseblief u bydraes vir 2019 nou reeds direk by die Bybelgenootskap in te betaal. Die **mikpunt** is steeds **een Bybel per lidmaat**, dit wil sê, **R55 per lidmaat per jaar**. Die eredienskollekte van Hervormingsondag, vanjaar op Sondag 27 Oktober, word per besluit van die AKV ook aan die Bybelgenootskap oorbetaal. Kontak Anne-Marie Malan by malan@biblesociety.co.za of 011 970 4010 vir navrae oor uitstaande bedrae, bankbesonderhede en die korrekte donateursnommer vir u gemeente. Baie dankie vir u positiewe gesindheid en al die pogings wat aangewend word om te verseker dat God se Woord aan almal beskikbaar gestel word.
- Die **Grootfontein/Tsumeb-kombinasie** beskik tans oor 'n **vakante werkrumte vir voltydse bediening**. Die afstand tussen die twee gemeentes is 60 km, met eredienste in albei gemeentes op Sondae, sowel as eredienste op Oshakati (290 km vanaf Tsumeb) en Rundu (260 km vanaf Grootfontein) soos deur die kerkrade bepaal. Versorgingsvoordele is volgens die Kerk se vergoedingskale en 'n finale pakket sal met die suksesvolle kandidaat onderhandel word. Aansoekers tot en met 'n 10-jaar-skaal sal voorkeur geniet. Die kerkrade behou die reg om ook kandidate wat nie aansoek doen nie te oorweeg, tot die kortlys toe te voeg of weg te laat, asook om die werkrumte te vul wanneer dit geleë is. Belangstellende predikante en proponente van die NHKA kan die konsulent, ds Nelius van Niekerk, by neliusvniekerk@gmail.com kontak met verdere navrae. **Die sluitingsdatum vir die aansoeke is 30 September 2019.** Die beroep is onderhewig aan die verkryging van 'n werkpermit vanaf die Namibiese regering.
- **Preekgeleenthede in Sabie en Witrivier.** Teologiestudente, predikante en dosente wat gedurende Desember 2019 in hierdie omgewing vakansie hou, word genooi om die volgende eredienste te lei:
 - o 25 Desember 2019: Witrivier 07:00 en Sabie 09:00
 - o 29 Desember 2019: Sabie 08:00 en Witrivier 10:00
 - o 5 Januarie 2020: Sabie 08:00 en Witrivier 10:00Vergoeding teen vasgestelde tariewe
Navrae: nhsabie@telkomsa.net
013 764 1813 Maandae, Woensdae en Vrydae 08:00-13:00
- Die **SP Engelbrecht-museum** is op soek na 'n spogmoorie Nagmaaltafeldoek en valsdoeke vir ons Nagmaaluitstaltafel. Dalk gehekel of met kant, borduurwerk of iets dergeliks, asseblief. Dalk is daar 'n ekstra een wat gemeentes nie meer gebruik nie. Die koster van diakens sal weet. Kontak ds Johann de Bruin by 082 733 3951 of cjdb@telkomsa.net.
- **Kerkargief by die AKV.** Gemeentes wat oorweeg om argiefstukke by die AKV af te dra, moet asseblief **vooraf** met die argivaris, mnr Nándor Sarkady, in verbinding tree by argief@nhk.co.za. Let op die **riglyne vir bewaring** (www.nhka.org → Amptelik → Argief → Versamelbeleid van die Kerkargief → Riglyn vir bewaring van argiewe) vir gemeentelike argivalia en sluit net stukke in wat vir permanente bewaring in aanmerking kom. Pakkette, bokse en koeverte wat bedoel is vir die Kerkargief moet deeglik gemerk wees vir die Kerkargief en sal net Maandag 23 en Dinsdag 24 September by Gemeente Wonderboom ontvang kan word.



- Die **bekers met die NHKA-logo** (sien hierbo) is nou beskikbaar by die Boekwinkel in Derdepoort vir afhaal, en sal ook by die AKV beskikbaar wees. Die bekere sal nie versend word nie. Kontak mev Sarie Roux by 012 322 8885 x3025 of sentik@nhk.co.za.

Vergaderings

- Donderdag 12 September: Rata Bestuur
- Saterdag 14 September: NHSV Hoofbestuur
- Donderdag 19 September: Gekombineerde Finkom:
Rata, Kinderhuise en Plesion
Redaksie van *Die Hervormer*

'n Gedig

Nugter blik

Vir Uys

Ons is van die laastes, ek en jy,
van 'n geslag wat dom, maar nog onskuldig was;
wat hom jonk bekommer het oor "eer" en "norme",
die pligplegings van wellewendheid;
maar óók: oor die vleilelie, die ryp granaat,
die tenger skoonheid van 'n sneeukristal.

Dis álles anders. Doen maar navraag op straat,
in koffiekroeë, oral waar hulle denim dra.
Dom is hul nie, maar ook lank nie meer onskuldig;
hulle gryp, gebruik, verbruik eenvoudig álles:
'n vrou, 'n vriend, en vind – in boom of pil –
die skoonheid én verskrikking van 'n ster.

WEG Louw

('n Opdragvers, opgeneem in *Versamelde gedigte*, 1988)

Kerklieke publikasies

- In die **September-uitgawe van *Die Christelike Vrou*** lees ons in die redaksionele berig hoekom dit nou tyd is om te skitter; vertel Marina Kok, finalejaar teologiestudent, ons van groen gelowiges; loer ons in by Piet Potgieter-tehuis vir bejaardes en sien ons die wonderlike werk wat daar deur middel van hondeterapie gedoen word vir Alzheimerpatiënte; en wys Ina Jansen van Vuren ons hoe die NHSV se Rustenburgstreek hul streekbyeenkoms aangepak en geniet het saam met die Gebaretaalkoor van die Transoranje-skool vir Dowes. Volg die skakel <https://nhsv.org.za/publikasies/>.

- **Bybelse Dagboek / Almanak 2020**
R185 (versending uitgesluit)
Kry belangrike inligting oor die Hervormde Kerk én 'n inspirerende Bybelse dagboek in een omslag
Bestel nou by sentik@nhk.co.za
- **Bybelse Dagboek / Almanak 2019**
Was R180, nou net R100 (versending uitgesluit)
Bestel by sentik@nhk.co.za



Dagboeke vir 2020
Van der Hoff Teologiese Vereniging

Beskikbaar by die Algemene Kerkvergadering
Bepaalde hoeveelheid
Besoek vroegtydig Van der Hoff se tafel by die AKV

R120

A5

NHKA

Barmhartigheid

- **Beeld-Kinderfonds: Spinmarathon**
Saterdag 14 September
Trap saam vir kinders in nood
Irene Village Mall
Meer inligting by www.beeldkinderfonds.co.za
Navrae: info@beeldkinderfonds.co.za
076 597 1282
- **Ons Tuis: OTMT.** Na aanleiding van die artikel in *Blitspos* van 1 Augustus 2019 insake OTMT, nooi ons jou graag uit om te gaan kyk wat alles die afgelope 18 maande by die tehuse gebeur het. Klik gerus op hierdie skakel vir 'n videogreep waarna jy kan kyk:
https://youtu.be/0_54PumIDII
- **Machteld Postmus-behuisingskompleks vir bejaardes** in Brooklyn, Pretoria: die ideale plek vir u aftrede. Pragtige, ruim **drieslaapkamer-woonregwoonstelle** beskikbaar teen R1 164 940 vir afgetredenes. Die wooneenhede is reeds beskikbaar, in 'n rustige omgewing naby busroetes en 'n winkelkompleks. Verskeie dienste word op die perseel gelewer, asook sosiale aktiwiteite. Kontak mev Hannelie Fourie by 012 325 1857 x202 vir meer inligting.
- **Machteld Postmus-behuisingskompleks vir bejaardes** in Brooklyn, Pretoria, het 'n **eenslaapkamer-woonregeenheid** beskikbaar by Frans Boshoff vir R366 160. Kontak mev Hannelie Fourie by 012 325 1857 x202 vir meer inligting.
- **Louis Trichardt-behuisingskompleks vir bejaardes** in Danville, Pretoria, bied kamergeriewe met drie etes per dag teen R4 435 per maand. Vir meer inligting, kontak mev Vicky Muller by 012 386 5310.
- **Ons Tuis (Andries Marié Oosthuizen) in Parys** het tans plek beskikbaar in die tehuse vir versorging van verswakke bejaardes. 'n Volledige versorgingsfasiliteit sluit in 24 uur versorging, drie maaltye per dag en sekuriteit. Vir meer besonderhede, skakel matrone T Broodryk by 056 811 2185.



- **Seniordal-aftreeoord (blok woonstelle)**

Lewensreg te koop

2-slaapkamer @ R560 000

1½-slaapkamer @ R520 000

1-slaapkamer @ R515 000

Groot tuine om in te ontspan

Geen versorging

Daar is nou ook huureenhede beskikbaar

Skakel Ansie Lombard (bestuurder)

012 329 4318 / 084 920 8723



Toerusting

- **Excelsus Sentrum vir Bedieningsontwikkeling**

Lentekonferensie: Dinsdag 17 – Donderdag 19 September

Hoe ons onthou, hoe ons vergeet. Om verbeeldingryk te leef

Onder meer met Hervormde dosente

Hoofsprekers: Dinsdag prof Thuli Madonsela

Woensdag prof Christi van der Westhuizen

Donderdag Gielie Hoffman

By Universiteitsoord en UP

R1 180 per persoon, 30 VBO-punte

Emeriti en studente R650

Navrae: 012 420 6738 / 012 420 4441 / 012 420 2892

excelsus@up.ac.za

- **Kursus om as spirituele begeleier opgelei te word.** Die kursus word in 7 blokke van 3 dae aangebied oor 'n tydperk van 15 maande. Die klem lê op ervaring en inoefening. Meestal by Stellastraatgemeente van die NG Kerk in Brooklyn, Pretoria, en gedeeltelik by Origins-retreatsentrum naby Rustenburg. Dit val onder toesig van die NG ring van Suidoos-Pretoria en is ook met Excelsus van die NG Kerk gekoppel. Predikante kan 150 VBO-punte verdien. Daar is sewe aanbieders betrokke. Volgende jaar se kursus sal die 11de wees. **Aansoeke sluit op 30 September 2019** en die **kursus begin op 17 Februarie 2020**. Navrae: Willem Nicol wnicol@mweb.co.za / 083 966 7831.

Allegaartjie

Kinders het waardes met 'n vel om nodig. Hulle het ouers, grootouers, onderwysers en bure nodig wat kernwaardes uitleef en dan so na aan hulle leef dat dit afsmeer. Want eers wanneer kinders kernwaardes in sinvolle verhoudings beleef, maak hulle dit hul eie en begin hulle om dit self te leef. ... Ouers bly die primêre opvoeders van hul kinders en die gesin die primêre ruimte waar waardes gevestig en karakter gebou behoort word. Dit is die ruimte waar kinders aanvaarding, geborgenheid en grense moet beleef. Dit is in hul huise waar hulle moet leer om mekaar en hul ouers te respekteer, om beurte te maak, om te deel en te help en waar basiese goeie maniere vasgelê behoort te word. (Dr Jeanette de Klerk-Luttig, Rapport-Weekliks 25 Augustus 2019)

Fondsinsamelings

- **Gemeente Sionspoort en EPR Sekuriteit** bied op **Saterdag 21 September 'n 4x4-uitdaging** aan. Daar is drie moeilikheidsgrade om alle vaardigheidsvlakke te toets. Baie aksie en heerlike kos, pret en vermaak (ook vir die kinders) die hele dag. Plek: Doringfonteinpan, Rodora (R41) (26 12'57.60" S, 27 30'22.89" E). Vir meer inligting, kontak dr Johan van Staden by 082 464 1547 of besoek ons op Facebook by EPR 4x4.

Basaars en markte

- **Gemeente Bronkhorstspuit**
Braairestaurant: Vrydagaand 4 Oktober vanaf 17:30
Kom geniet 'n heerlike kruisskyf met skyfies en slaai
Of 'n hamburger met skyfies
Basaar: Saterdag 5 Oktober vanaf 07:30
Beste kwaliteit vleis, pap-en-kaiings, kerrie-en-rys
Sampioene- asook tjips-op-'n-stokkie
Pannekoek, vetkoek, gebak, nagereg
Teetuin, kindertafel en vele meer
Kom geniet die dag saam met ons
Navrae: 013 932 2929
- **Gemeente Pretoria-Oos: Kersmark**
24, 25 en 26 Oktober
Delyweg 100, Waterkloofpark
Uitstallers welkom
Kontak Chaneen Dippenaar vir aansoekvorms en meer inligting
kersmark@pretoriaoos.com
- **Emily Hobhouse-tehuis: Basaar en Kontreifees**
Saterdag 26 Oktober 08:00-15:00
Malherbestraat 55, Capital Park
Pannekoek, *jaffles* en meer
Vars vleis, groente en gebak
Hulp nodig met gebak, bestanddele en by tafels
Gaskunstenaar Gary Forwood, baie uitstallers
Navrae: 012 323 4891

Betaalde advertensies in hierdie nuusbrieff

Advertensies waarvan 'n private individu of instansie die begunstigde is, of waarin 'n gemeente 'n projek prominent wil bekendstel, kan in hierdie nuusbrieff geplaas word. (Tekskennisgewings van gemeentes is gratis.) Indien 'n jpg-weergawe van die advertensie voorsien word, **moet dit 15,5 cm breed x 6,5 cm hoog wees, resolusie 1878 x 815 pixels, 150-300 dpi.**

Stuur die voorgestelde **teks van nie meer nie as 75 woorde** met of sonder eenvoudige grafika of 'n foto saam met die bewys van betaling aan mev Tessa Oppermann, per faks na 086 633 4059, of per e-pos na produksie@nhk.co.za. GEEN advertensie sal geplaas word sonder die betalingsbewys nie.

Die **teks en bewys van betaling** moet mev Oppermann bereik teen 16:00 op die Dinsdag voor die betrokke uitgawe se verskyning. *Blitspos* word normaalweg Woensdae saamgestel en verskyn dan die Donderdag. Indien die plasing meer as een keer moet geskied, moet aangedui word op watter datums dit moet verskyn, met betaling vooruit vir al die beoogde plasings.

Die koste is R250 per plasing (BTW ingesluit). (Let asseblief op die nuwe koste.) Die verskuldigde bedrag moet uitgemaak word aan die Raad van Finansies, ABSA tjekrekening nommer 020-000-287, takkode 632-005, **verwysing: u naam + Blitspos. Neem kennis dat die redaksie in uitsonderlike gevalle mag besluit om 'n advertensie nie te plaas nie en die adverteerder se geld terug te betaal.**

Gebed vir die week

Almagtige God, Goedheid sonder einde!
U wat ons almal liefhet asof U elkeen alleen bemin;
en wat ons elkeen insluit in u groot hart,
wat vir almal omgee.
Dankie dat ek U ook mag liefhê.
Here, u Woord is die waarheid
en die waarheid is Uself.
Ek sien in hierdie wêreld hoe alles tot 'n einde kom,
behalwe U, o God.
My Vader van eindelose goedheid,
o skoonheid bo alles wat mooi is,
aan U gee ek nou alles terug wat U aan my gegee het,
want dan kan ek niks verloor nie.
O God, U het ons vir Uself gemaak
en ons hart bly onrustig,
tot dit rus vind in U.

Augustinus

(Uit: *'n Keur van wysheid*, Nina Smit, 2004)